

My Storie

In 1942 word die 4 woonstelblok gebou in die tyd van die 2de wêreld oorlog. Dit staan op 'n kleinerige erf. Agter die woonstelblok is nog 'n kleiner erfie wat net 189vkm groot is. Daarop was net 'n dubbele garage gebou. Die eienaar was Mnr De Kock. In 1978 koop my pa 'n Mnr Lutsch die plek wat toe nog onder huurbeheer was wat beteken dat jy nie enige bedrag vir 'n woonstel kon vra nie. Later jare het dit verander. Dit is 'n plek wat redelike groot woonstelle het van ongeveer 128vkm elk. Die plek was redelik verwaarloos. Daar was bv geen hangkaste in die kamers of kaste in die kombuise nie. Met die baie politoer op die vloere kon 'n mens ook nie eens sien watter soort hout op die vloere was nie. In 1983 met my ma se dood erf ons 3 kinders die woonstel blok. In 2001 sterf my pa en ons 3 kinders het toe volle beheer maar ek dien toe 'n voorstel in om 2 persone uit te koop. Ek het 'n beperkte aantal maande gehad om die plek te betaal, maar met die hulp van 'n paar mense met raad kon ek die plek op die einde kontant koop. In Oktober 2002 was die plek op my naam geregistreer. In 2003 het ek die eerste woonstel met 'n baie klein bedrag laat oordoen. Ek het met meubels wat ek geërf het die plek gemeubileer en ook 'n paar meubels self aangekoop. Die vloere blyk toe Kanadese Beukehout te wees. Dis meestal die hout wat vir squash bane gebruik word. Ek en my man het self die plek uitgeverf. En vanaf die middel van 2003 het ons die plek op kort termyn begin uitverhuur. Dit het so goed gegaan dat ons nog 'n woonstel kon oordoen. Daar moes ons die plankvloere uithaal omdat dit vreeslik vrot was. Ons het 'n harde hout gekies en bloekomhout gebruik wat uit Afrika kom. Dit het 'n mooi kleur.

In 2008 het ons met legoblokkies 'n dubbelverdieping huis gebou op klein skaal en dit na 'n Argitek geneem. Sy naam was Schalk Pienaar. Hy het die plek vir ons op papier gesit. Ons het toe vir ons 'n dubbelverdieping huis bo-op ons garage gebou. Dit was min of meer 'n plek wat ons self sou wou bewoon. My geld was maar beperk en die huis kry toe net een slaapkamer wat vir party mense dalk ongerieflik sal wees omdat daar nie 'n badkamer langs die slaapkamer is nie. Die badkamer is op die eerste verdieping. Omdat die slaapkamer onder die dak was het ons lugverkoeling laat insit. Dit het pragtige uitsigte oor die berge en die uitsig sal altyd daar wees omdat daar geen bure langs en om die plek is nie. Daar is 'n lekker kaggel wat met hout of antrasiet werk en maak die hele plek aangenaam in die winter. Op die dak het ons sonkrag energie sodat daar altyd warm water sal wees. Dit kan ook oorgeskakel word na elektrisiteit. By die stoof is twee plate elektries en 2 plate gas. Dus as daar probleme met die elektrisiteit is kan die huisie net voortgaan. Alle meubels en kuns vertel 'n storie van sy eie in hierdie plek. Die deur van die stort het 'n koperplaat op wat uit die Tankajika provinsie kom van die Kongo. Dit is gemaak deur 'n kunstenaar van daar. Ons het dit gekoop van 'n vriend van ons wie se ouers in die Kongo gewoon het en al hierdie koperplate as 'n belegging gekoop het wat kunswerke was. Daar was ongeveer 25 koperplate. Die man was bang dat hy sy geld verloor het toe die oorlog in die Belgiese Kongo uitbreek het. Hy het verhuis na België in die oorlogtyd van die 60tiger jare en die koperplate in 'n skuur gestoor. Maar dit werk so dat as jy eenmaal van Afrika was dat jy altyd terugkeer. 10 Jaar later verhuis hulle toe na Suid-Afrika en neem al die koperplate saam. Na hul dood het ons hierdie huisie gebou en vir die kinders gevra of hul dalk van hul koperplate aan ons sal verkoop. Ons het toe hierdie deur en nog 'n maskerplaat gekoop wat ons teen een van die mure hang. Die dubbelbed in die slaapkamer is in 'n plek met die naam Boschfontein gemaak met baie primitiewe gereedskap. Ons was bevoorreg om hierdie man te ontmoet wat in die dorpie Boschfontein gewoon het met twee vrouens. Dit is 'n plek wat geleë is teenaan die Mosambiekse grens. Kangwane was die streek se naam. Daar was 'n sending hospitaal met die naam Shongwe. In hierdie hospitaal was daar 'n paar dokters wat gestudeer het by die

Kaapstadse Universiteit. In die hospitaal was 'n vrou wat as verpleegster gewerk met die naam Veronica Gumede. Sy was getroud met 'n Mosambiekse man. Sy kon die taal praat van die mense in die omgewing. Sy was 'n Zulu. Sy het ons vertel van hierdie man wat die houtmeubels maak en ons aan hom voorgestel. Ons het toe 'n bestelling geplaas. Ons het banke en stoele, tafels en spieëlrame bestel. Dit was 'n belewenis. Die riempies wat vir die stoele gemaak was, was deur 'n vel wat hul van 'n bees gekry het gesny en self gebrei deur dit aan 'n boom te hang en 'n klip onderaan vas gemaak en so word die vel dan in die rondte gedraai tot dit styf is en dan te los dat dit weer afrol. Die ou manier wat nog die beste werk. Hierdie tipe van vel hou vir altyd. Die riempies is na 35 jaar nog net so goed soos in die begin. Niks het gebreek nie. Die area waar hy die meubels gemaak het was ongelyke grond. Die masjien wat hy gebruik het was al oud en verslete maar dit was 'n masjien wat die man geërf het van sy pa en hy het ook die ambag van sy pa geleer. Die hout het die man self gaan afkap in die Lebomboberge dan word dit met beeste gesleep tot by sy plek. Dit was Kiaat. 'n Baie mooi hout.

Die meubels wat in die boonste vertrek was is alles opgehys van buite af met 'n skeepskatrol wat buite aan 'n balk vas is by die nok van die dak. Ons het die skeepskatrol in Simonstad gekoop. Die meubels het deur die dubbeldeur in hierdie huisie gekom.

Die geelhout en embuia kis is gemaak in die Paarl deur 'n man met die van Knorr. Hy was 'n Duitser. Hy het bo-op sy fabriek gewoon. Al die meubels het hulself verkoop deurdat as mense sy meubels gesien het dan wou hul weet vanwaar dit kom. Ek het die geld geleen om daardie kis te koop, maar dit als terugbetaal. Die bodem van die kis is van kamferhout en dit hou vismotte weg. Die muskietnette is daar vir 'n doel omdat daar baie muskiete in die omgewing is.

In 2010 het ons genoeg fondse gehad om 'n derde woonstel in die blok oor te doen. Die hele woonstel van kop tot tone is oorgedoen. Dit blyk toe dat die vloere van Eikehout is. Die dakkappe is van Oregon pine. Ons het 'n ekstra badkamer laat inbou by die agterste kamer. Hierdie is 'n 3 slaapkamer woonstel. Die dubbelbed is deur my man gemaak. Dit is 'n bietjie swaar en hy het wiele onder die bed aangebring sodat dit maklike is om die bed te verskuif. Die middelkamer het 'n dubbeldekker bed. Ook gebou deur my man. 'n Mens kan regop in jou bed sit en daar is selfs 'n klein liggie sodat 'n mens kan lê en lees. Die voorste kamer loop uit op 'n toegeboude stoep wat die kamer baie ruim maak. In die sitkamer is 'n tafel wat gestel kan word. Dit kan of net 4 mense vat of 6. Daar is ook lugverkoeling in hierdie vertrek en 'n paar boeke wat gelees kan word. Die skilderye vertel ook elk sy eie storie. Oa Die skip met die naam Njasa. Dit het behoort aan die Duitsers. 'n Oom van my was 'n skeepskaptein van hierdie skip. Hy het gewerk vir die Duitse Handelsvloot. Sy naam was Walter Herm. Hy was vir 65 jaar op see waarvan hy 45 jaar 'n skeepskaptein was.

In 2019 het ons die laaste werk aan die buitekant van die gebou gedoen. Met CCTV kamera's het ons agtergekom wat ons swak punte om die gebou was. Ons het die voorkant se muur en traliewerk baie hoër gemaak en nog 'n motorhek opgesit aan die voorkant. Agter die plek het ons 'n heerlike kuierplek gemaak met 'n klein swembad om in af te koel in die somer en om sommer net daar te sit in die son. Ons het ook 'n muur van 2 en 'n halwe meter gebou om ons meer privaatheid te gee. Daar is selfs krag aangelê sodat mens met 'n laptop daar kan sit en werk of jou selfoon laai.

Ons woon al 27 jaar hier in een van die woonstelle. Dit is baie gesellig en besonder stil in die nag vir 'n plek wat in die kern van die dorp is.